

Universiteitswese	Die wese van die Universiteit – historiese strukturele perspektief	Lategan, LOK	20		
Wysbegeerte	Christelike wysbegeerte – Standpunte en probleme	Kock, P de B	35		
	Die wysgerig-antropologiese grondslae	Malan, JH	25		
	Die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskap	Strauss, DFM	20		
	Inleiding tot die kosmologie	Strauss, DFM	40		
	Man's place in nature (Studiestuk)	Strauss, DFM	13		
	Metafoor – 'n filosofiese perspektief	Van der Merwe, WL	25		
Vakmateriaal					
Laserskyfpublikasie	Bybelonderrig vir grade 1 tot 12	Verskeie	50		
Laserskyfpublikasie	HG Stoker akademiese publikasie	AWG Raath	90		
Pryse soos aangedui sluit versendingskoste in.			Totaal R		

Naam:	Skakelbesonderhede: VCHO – Tel. 051- 525 2341
Adres:	Faks. 051- 522 4513
	
	Adresbesonderhede: Van Schalkwykstraat 21, BLOEMFONTEIN 9301
Kode	Posbus 1824, BLOEMFONTEIN 9300
Tel.nr:	
		Bankbesonderhede: VCHO
		ABSA, Loch Logan
Tjek uitgemaak aan: VCHO, of direkte inbetaling.		Takkode: 632005
Faks of pos depositobewys tesame met bestelling.		Rekeningnr: 470 910 011

In U Lig. Gepubliseerde en ongepubliseerde akademiese werke van prof. HG Stoker - op laserskyf. Onder redaksie van prof. AWG Raath.

Prof. HG Stoker werk op kreatiewe wyse binne die Calvinistiese tradisie deur vernuwend daartoe by te dra. 'n Tiperende debatstyl van sy Calvinistiese Wysbegeerte was dat hy deurlopend in filosofiese gesprekke met medestanders en andersdenkendes getree het: sover dit e.g. betref, veral gebaseer op die idee van samewerking tussen Calvinistiese filosowe, Christenvakwetenskaplikes en Reformatoriese teoloë. Daarin is die *Nalatenskap* 'n sprekende voorbeeld van die verskillende diskussie- en oriënteringsartikels (bv. 2.1.10: diskussie met natuurwetenskaplikes en ander, veral oor evolusionisme; in die *Bulletin vir die bevordering van Christelike wetenskap* (4.16) volg verdere diskussies met natuurwetenskaplikes en ander; in *Koers* (4.2) diskussie met o.a. ekonome; en (4.14) met dr M. Versfeld van die Universiteit van Kaapstad oor die neo-Thomistiese begrip in die wetenskap. Bydraes in "n Gedenk bundel ..." deur J.A. Heyns en L.F. Schultze gee 'n insig in prof. Stoker se bemoënis om 'n goeie vennootskap tussen filosofie en teologie tot stand te bring, sonder dat die een in die ander vasloop.




Skepping en/of evolusie – op laserskyf

Hierdie studiestuk verskyn in die VCHO se studiereeks oor die onderwys, wat daarop gerig is om aan die onderwysgemeenskap 'n grondige lewensbeskouwlike perspektief te verskaf, ten opsigte van die evolusie as wetenskapshypoteses. Die evolusie word in hierdie studiestuk aan sekere prinsipiële uitgangspunte getoets, ten einde sy geldigheid al dan nie, gemeet aan 'n Christelik-gefundeerde lewensooruigting, te bepaal. Dit is op ouers en onderwysers afgestem.



Net: Publikasies

Die Vereniging vir Christelike Hoër Onderwys



Skepping & evolusie – onversoenbaar! – Dr HD Mouton

Die mens wat evolusie met die Bybel probeer versoen kan homself maar die moeite spaar, want dis sinloos – tensy hy die definisie van evolusie só afwater dat die evolusionistiese wetenskaplike dit in elk geval as 'n halwe waarheid, en daarom as nutteloos gaan beskou.

Eksemplaries ... Heilshistories – Voortsetting van 'n onvoltooide gesprek – Dr MC Strydom

In sy verantwoordingsoor die probleem wat vir die predikers byna so oud is as die prediking self, toon die skrywer aan hoedat predikers in so baie gevalle ongeoorloofde hermeneutiese brúe gebou het om van die Bybelse karakters tot die huidige situasie te kom. Die nood kom veral na vore in die verregaande gebruikmaking van allegoriserings (vergeesteliking), tipologiserings, ver-psigologiserings met die gevolglike atomisering van die teks, dit wil sê losbreek van die teks uit sy kontekstuele verband.



Groot Waarhede van ons geloof – Dr EA Venter

Die boekie is oorspronklik bedoel as hulp by die toerusting van evangelisasie-arbeiders. Aangesien dit egter uitnemend geskik geag is vir die skoling van gelowiges in die algemeen (en is elke gelowige nie in beginsel 'n evangelisasie-werker nie?) is die opset daarvan dienoreenkomstig aangepas.

'n Nuwe onderwysmodel: waarom? – Onder redaksie van ds. C Bester & prof. JJ Spies

Dit blyk al duideliker dat die transformasie van die samelewing 'n fyn beplande en gemanipuleerde proses is. Die onderwys speel 'n deurslaggewende rol in die proses. Die onderwys was nog altyd die instelling waarin die opkomende geslag gevorm en geslyp word, met die oog op die samelewing waarin hulle moet gaan funksioneer. As manipuleerders instrumente vir transformasie soek, sal die onderwys sonder twyfel hoog op hulle agenda staan.



Voed hulle op – Onder redaksie van prof. PH Stoker & dr JM Gerber

Hierdie bundel wil in die lig van die VCHO se belydenis rigting en koers aandui na die Bron van alle kennis en in Christelike lig die grondslae van 'n verskeidenheid skoolvakke ondersoek. Dit wil vakspecialiste oor 'n verskeidenheid vakdisiplines tot grondige besinning oor vakinhoud en -grondslae op Calvinistiese grondslag aanspoor. Daar word opreg gehoop en vertrou dat onderwysers wat met behulp van hierdie bundel hulle vakterreine begrondend en krities beoordeel, hul kommentaar en bydraes beskikbaar sal stel sodat hierdie werk tot 'n meer afgeronde vlak van verfyning gevoer sal word.

Sosiologie vir die Ryksburger - 'n kennismaking - Dr HJ Smith

Christene wat grondig erns wil maak met die Christelike belydenis, wil die verhouding met die Here as die grondverbintenis in hul lewe benader. Die problematiek van aspekte van die sosiologie wat hiermee in stryd verkeer, stel probleme t.o.v. hierdie verhouding. Die publikasie is 'n poging om die breë kontoere van die sosiologie vir sulke Christene in 'n perspektief te plaas wat (so glo die skrywer) in lyn met ons grondverbintenis lê - in die hoop dat hierdie perspektief terugwerkend ook 'n bevrugtende bydrae tot die sosiologie mag lewer!





Reformerend die millennium in – Ons Calvinistiese erfenis en roeping. Onder redaksie van prof. EJ van Niekerk & HJ Hayes

Driehonderd en vyftig jaar gelede in 1652 het die volksplanting plaasgevind. Dit, tesame met die ingang na die nuwe millennium, is genoegsame rede vir bestekopname en herbesinning deur Afrikaners van gereformeerde oortuiging wat glo dat hul met 'n roeping aan die suidpunt van Afrika geplaas is. Dit was dan veral die aanleidende oorsaak vir die publikasie van *Reformerend die millennium in* om saam te val met die vyftigjarige viering van die VCHO se bestaan (1999), en sodoende grondige perspektiewe met die oog op die toekoms te verskaf.

Die ANC en die revolusionêre aanslag op kerk en politiek – Prof. AWG Raath

Die sentrale tema van hierdie werk handel oor die revolusionêre aanslag van die ANC en SAKP op die terrene van die kerk en politiek. Aangesien die inhoud van die bundel uit afsonderlike opstelle saamgestel is, kom enkele punte van oorvleueling hier en daar voor. Die afsonderlike opstelle is egter wel elk as 'n geheel hierin opgeneem, omdat elke opstel op 'n eie unieke wyse op 'n spesifieke aspek van die revolusionêre aanslag fokus. Die motivering vir hierdie publikasie het deurentyd daarin gelê dat die leser opgeroep word om krities oor die Marxistiese grondgedagtes van die ANC, as een van die kontemporêre tydgeeste in ons land, te oordeel.



Die wysgerige grondslae van die moderne natuurwetenskappe – Prof. DFM Strauss

In die lig van die wêreldwye belangstelling wat vandag op dreef is rondom die wysgerige grondslae van die wetenskap in die algemeen is dit die bedoeling van hierdie publikasie om die aandag van die belangstellende leser te vra vir dergelike grondvrae van die moderne natuurwetenskappe. Die bedoeling is om eers 'n paar oriënterende gesigspunte na vore te bring en om dan daarna oorsigtelik stil te staan by strominge en struktuur-teoretiese vrae in die wiskunde, die natuurkunde en die biologie.

Inleiding tot die kosmologie – Prof. DFM Strauss

Die term kosmologie besit verskillende konnotasies. Tradisioneel is dit veral gekoppel aan 'n fisiese eenheidsvisie op die werklikheid. 'n Wysgerige kosmologie kan egter nie beperk word tot enige faset van die werklikheid nie, omdat dit juis gerig is op alle fasette en dimensies van die skepping. In wysgerige sin wil die kosmologie derhalwe 'n teoretiese (of: wetenskaplike) geheelbeeld ontwikkel – 'n totaliteitsvisie wat rekenskap moet gee van die grondleggende verskeidenheid binne die skepping soos wat dit in 'n onlosmaaklike samehang bestaan. Om die implikasies hiervan sistematies bloot te lê, moet begin word met 'n besinning oor die vraag wat die besondere aard van teoretiese of wetenskaplike denke is.



Metafoor: Filosofiese perspektief – WL van der Merwe

Waarom praat en leef ons in metaforiese raaisels? Sou daar nie minder misverstand tussen mense wees nie – en meer sekerheid oor die waarheid – indien ons sou praat oor wat so is en swyg oor wat nie so is nie, eerder as om oor albei tegelyk te moet wonder? Een van die oudste tradisies in die geskiedenis van filosofiese nadenke oor taal antwoord bevestigend op hierdie vraag. Omdat die antwoord wat hierdie studie wil gee, strydig is hiermee, moet dié tradisie eers in voëlvlug beskou word.

Onderrig in DIE BYBEL – Omvattende geleide Bybelstudie vir grade 1 tot 12 op laserskyf

Ooreenkomstig die belydenis, dat die Bybel die onfeilbare en gesagvolle Woord van God in sy geheel en in al sy dele is, is dit die begeerte van die Vereniging, dat deur die beskikbaarstelling van die Bybelonderrigleerplan, dit as 'n hulpmiddel deur ouers en onderwysers gebruik sal word, ten einde die kennis wat tot ewige saligheid dien, te ontsluit. Daardeur word konkrete beslag gegee aan 'n doelwit van die Vereniging betreffende die terugbring van die Bybel as die sentrale Bron van gesag en kennis in ons ouerhuisse en skole.



Bestelvorm: Boeke & studiestukke

Kategorie	Titel	Outeur(s)	Prys R	Hoeveelheid	Bedrag	
Ekonomie	Geld, gawes, resessies en depressies	Jooste, U	13			
	Goud en silwer	Jooste, U	18			
Etiek	Aborsie: Geboortebepערking of moord (Studiestuk)	Lategan, LOK	13			
	Genadedood of dood sonder genade (Studiestuk)	Lategan, LOK	13			
Evolusionisme	Die evolusionisme – Knelpunte ontbloot	Strauss DFM	8			
	Skepping en/of evolusie (Studiestuk op laserskyf)	Verskeie	25			
	Skepping & Evolusie – onversoenbaar	Dr HD Mouton	110			
Godsdien	Die Kategismus – Teras en skemas	De Klerk, JJ	25			
	Christelike tekens en simbole	Hugo, GJ	8			
	Die lydende Christus	Kock, FA	25			
	Reformasie in ootmoed – Gedenkbundel, P de B Kock	Smit, Strauss	25			
	Die Gees werk soos Hy wil (Studiestuk)	Strauss, PJ	13			
	Eksemplaries ... heilshistories – voortsetting					
	van 'n onvoltooide gesprek	Strydom, MC	20			
Groot waarhede van ons geloof	Venter, EA	15				
Gesinslewe	Huwelik en huisgesin	Malan, J du P	25			
Juridies	Pro Lege, Grege et Rege – Huldigingsbundel: prof. HA Wessels	Smit, WA	25			
Leefstyl	Voorbereiding vir aftrede in perspektief van die Koninkryk van God (Studiestuk)	Rossee, DD	8			
Natuurwetenskap	Time and again	Stafleu, MD	30			
	Opvoeding & Onderwys	Gesinsvoorligting op skool – 'n poging tot begronding (Studiestuk)	Barnard, MC	8		
		Die versetleer	Henning, OA	25		
	Gaudeamus Igitur	Hugo, GJ	13			
	Op die drumpel	Hugo, GJ	13			
	Grondtrekke van die fenomenologiese pedagogiek in Suid-Afrika	Schoeman, PG	30			
	Christelike wetenskap en Christelike onderwys	Strauss, HJ	13			
	Towards a Christian approach to curriculum (Studiestuk)	Van Brummelen, H	13			
'n Nuwe onderwysmodel: Waarom? (Studiestuk)	VCHO	15				
Voed hulle op (Studiestuk)	VCHO	25				
Reformasie	Reformerend die millennium in	Verskeie	35			
Sielkunde	Mens en persoonlikheid	Smit, WA	25			
Sosiologie	Sosiologie vir die Ryksburger – 'n Kennismaking	Smith, HJ	25			
Staatsleer	Die ANC en die revolusionêre aanslag op kerk en politiek	Raath, AWG	15			
	Kritiese analise, 10 sleutelbegrippe in konstitusionele riglyne ANC (Studiestuk)	Raath, AWG	13			